

Graad 5 Natuurwetenskap en Tegnologie

Maandag - Dinsdag, 11 - 12 Mei 2020

Merk verlede week se werk.

Aktiwiteite:

Nie-metale wat 'n Vastestof is:	Nie-metale wat 'n vloeistof is:	Nie-metale wat 'n gas is:
Bv. Plastiek	Bv. Water	Bv. Suurstof
Hout stoel/tafel	Koeldrank	Koolstofdioksied
Materiaal	Kookolie	Stoom van die ketel
Papier/Boek	Asyn	Gas van die stoof/oond
Glas/venster	Shampoo	Vlamme/rook van die vuur.
Antwoorde kan verskil	Antwoorde kan verskil	Antwoorde kan verskil

Voorwerp	Metaal	Nie-metaal	Lys die eienskappe
Bv. Lepel	✓		Hard, blink, solied
Bv. Sand		✓	Dof, vaste stof, gelei nie elektrisiteit nie.
Hout tafel		✓	Hard, dof, solied
Sitkamer banke		✓	Sag, dof,
Graaf	✓		Hard, Vaste stof, Blink
Boek		✓	Sag, gelei nie elektrisiteit nie
Antwoorde kan verskil			

Toets jou kennis: Antwoorde

Metale en nie-metale

- 1) B
- 2) D
- 3) A
- 4) C
- 5) C

Nuwe werk vir die week:

Ander eienskappe van metale:

Lees die inligting op bladsye 56-58 oor:

Metale gelei hitte bl. 56

Die magnetiese eienskappe van 'n metaal bl.57 en
Roes bl.58.

Skryf al die nuwe woorde se definisies neer.

Woensdag - Vrydag 13 - 15 Mei 2020

Hierdie week gaan ons 'n paar lekker eksperimente doen. Onthou om altyd die **wetenskaplike metode bl.6** te volg wanneer jy 'n eksperiment doen. Vra altyd hierdie vrae om jou eksperiment suksesvol te voltooi.

Die wetenskaplike metode:

Doel

Hoekom doen ek die eksperiment?

Hipotese

Wat dink jy sal gebeur wanneer jy die eksperiment doen?

Materiale

Wat het ek nodig om die eksperiment te doen?

Metode

Hoe moet ek die eksperiment doen?

Stap1:

Stap2:

ens.

Resultaat en bespreking

Wat het gebeur tydens die eksperiment?

Het my eksperiment gewerk?

Aktiwiteite: (Gebruik die wetenskaplike metode om jou eksperimente te voltooi)

Ondersoek die geleiding van hitte:

Vat 'n bak met warm water (nie kookwater nie). Wees versigtig sodat jy nie brand nie.

Druk die volgende voorwerpe in die water vir 30 sekendes.

- ✓ Hout lepel
- ✓ 'n Teelepel
- ✓ 'n Stukkie materiaal
- ✓ 'n Plastiek voorwerp

Watter van die volgende voorwerpe is die warmste en bly die langste warm na jy dit uit die water haal?

(Die voorwerpe wat die warmste is of die langste warm bly is goeie geleiers van hitte.) Jy kan ook ander voorwerpe toets.

Ondersoek magnetiese materiale:

As jy 'n magneet het kan jy die volgende eksperiment probeer.

Vat jou magneet en kyk wat in jou huis deur hierdie magneet aangetrek word. As jou magneet aan 'n voorwerp vassit is die voorwerp magneties.

Lys die magnetiese voorwerpe in jou huis.

EKSTRA WERK: Hierdie aktiwiteit is nie verpligtend nie.

Ondersoek materiale wat roes:

Ondersoek Aktiwiteit 3 op bladsy 58-59.

Ek hoop julle geniet die eksperimente hierdie week!